BURGER (Oos Kaap)
14 May 2015, p.1

Madwara ruil dalk sakekamer vir stadsaal

Odette Kemp

PORT ELIZABETH. – Die uittredende president van die Nelson Mandelabaai-sakekamer het gisteraand bevestig dat hy genader is om die Baai se burgemeester, Ben Fihla, te vervang.

Mandla Madwara

Mandla Madwara het op die organisasie se jaarvergadering gesê hy "wil nie 'n veldtog begin om gekies te word nie".

"Tog toon die regering se belangstelling in my as burgemeesterskandidaat hul vertroue in die sakekamer se werk. Ek oorweeg dit wel om dié pos te aanvaar ter wille van die stad, want dit is 'n uitstekende geleentheid om die stad se toekoms te beïnvloed en 'n gedaantewisseling mee te bring."

Madwara sal aan die einde van die maand uittree as sakekamerpresident, nadat sy opvolger op 28 Mei tydens 'n raadsvergadering verkies sal word. Twee nuwe adjunkpresidente en die tesourier sal ook op dié vergadering aangewys word.

Kevin Hustler, uitvoerende hoof van die sakekamer, het Madwara voorspoed toegewens.

Nuwe raad:

Altesaam 13 lede is gisteraand tot die Nelson Mandelabaai-sakekamer se raad verkies. Hulle is:
Carol Hall, bestuurder: oostelike streek vir Vodacom; Rocco Joubert, streeksdirekteur vir First National Bank; Philip Nieman, besturende direkteur van Coca-Cola Fortune; Michael Brockman, senior bestuurder van Telkom; Vuyokazi Lekhelebana, uitvoerende konsulterende sielkundige van Work Dynamics; Sakumzi Macozoma, raadslid van Volkswagen Suid-Afrika; Simoné Mao-Cheia, direkteur van PKF Port Elizabeth; Cumeshan Moodliar, streekshoof vir Investec; dr. Andrew Muir, uitvoerende hoof van die Wildernisstigting; Ian Nicholls, besturende direkteur van General Motors in Afrika suid van die Sahara; dr. Gary Paul, uitvoerende direkteur van menslike hulpbronne by die NMMU; Thomas Schaefer, besturende direkteur van Volkswagen Suid-Afrika; en dr. Pierre Voges, uitvoerende hoof van die Mandelabaai-ontwikkelingsagentskap (MBDA).

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.